

## BOEKBESPREKING

P. S. Dreyer, *Die Wysbegeerte van die Grieke*, H.A.U.M., 1976, 155 bladsye

Prof. Dreyer het met hierdie boek in 'n besondere behoefte voorsien deur in Afrikaans 'n baie lesenswaardige oorsig van die antieke Griekse filosofie te gee — en wat meer is: dit is geen blote oorsig nie aangesien die feitemateriaal oor die Griekse wysbegeerte gedurig toegelig word uit die historiese en kulturele agtergrond waarteen dit verstaan moet word. So byvoorbeeld begin die boek om in 25 bladsye 'n opsomming van die hooflyne uit die algemene Griekse geskiedenis te gee. Dit is uiters belangrik om hierdie gegewens ter hand te hê wanneer die Griekse filosofie self aan die orde kom omdat ons hierdie vroeë denkers nie goed kan begryp as ons nie iets van die wêreld waarin hulle geleef het, weet nie. Dit is 'n winspunt in hierdie boek wat in baie boeke oor die Griekse wysbegeerte ontbreek. Ook word hierdie materiaal by feitlik elke afsonderlike skrywer aangevul met meer persoonlike besonderhede oor die betrokke filosoof se lewe en tyd.

Die skryfstyl van die boek maak dit 'n aangename leesboek omdat die materiaal baie logies en helder uiteengesit is. Telkens is ook op besonder beheersde wyse na parallele met Christelike beskouinge gewys — veral by Plato (soos o.a. op p. 104), wat m.i. 'n baie juiste stellingname is. Soms word aan die einde van 'n bespreking 'n kort kommentaar toegevoeg wat baie nuttige perspektiewe gee. Die boek is dus geen droë oorsig nie maar 'n dinamiese bespreking.

Die behandeling van die stof is besonder sistematies en ek beskou hierdie boek as een van die bestes om die student in die groot web van die Griekse wysbegeerte in te lei. Dit begin by die Milesiese natuurfilosofie en behandel die hele kosmologiese periode tot en met die Atomiste waarna die Sofistiek, Sokrates, Plato en Aristoteles breedvoerig aan die orde kom. Die boek sluit met Aristoteles waarmee ons ook aan die einde van die suiwer Griekse periode kom. Die voortleef van die Griekse gees in die daaropvolgende Hellenistiese wêreld verdien 'n ewe deeglike behandeling en dit is verblydend dat die outeur op p. 24 'n volgende boek oor die Hellenistiese en Patristiese wysbegeerte, wat basies ook Grieks was, in die vooruitsig stel.

**Mag dit spoedig kom.**

— J. P. Louw

A. van Gunkel, **De Ouderling**, Uitg. Ton Boland, Amsterdam, 1975.  
Sagte band. 333 bladsye. Prys R11,97

Sedert die dertiger jare het veral Noordmans en van Ruler besondere pogings aangewend om die amp van ouderling tot sy reg te laat kom binne die presbiteriaal-sinodale kerkregtelike sisteem. Hulle beskouings oor die ouderlingsamp beskryf die skrywer as 'n dogmatiese visie. Noordmans en van Ruler sluit aan by die algemene gereformeerde prinsipe: „dat het er niet alleen om gaat dat het Woord verkondigd wordt, maar ook dat het Woordt vruchten afwerpt in het levende gemeente.” (Bl. 11.) Die skrywer wil in hierdie boek in die besonder ondersoek instel in hoeverre genoemde omskrywing van die ouderlingsamp ooreenstem met die opvattinge van die reformatore.

As voorloper van die reformatoriese opvattinge omskryf hy die ouderlingsamp kort en deeglik soos ons dit aantref in die Ou Testament, die Nuwe Testament, die vroeg Christelike periode en die middel eeu. As naloper van die reformatoriese beskouing gee hy die besondere karakteristiek van die ouderlingsamp soos ons dit in die sestiende en sewentiende eeu in Nederland veral by Voetius, van Renesse en Koelman aantref. Die voorgeskiedenis en na-geskiedenis word kort weergegee sodat die sentrale gedeelte nl. die reformatoriese periode die nodige klem sal kry.

Dat die skrywer 'n diepgaande wetenskaplike studie gemaak het, spreek uit die feit dat elke aspek van die ouderlingsamp en die presbiteriale-sinodale kerkregering beginsels, soos dit aangetref word by elke hervormer en elke sinode, tot in die fynste besonderhede uitgewerk word.

As wetenskaplike teoloog bly die skrywer nie by die verlede staan nie. Hy wil juis die werk skryf sodat dit tot 'n herwaardering van die ouderlingsamp in die hede sal lei. Die reformatore het 'n besondere opvatting gehad van die ouderlingsamp: Hy moet opsig hou oor die leer en lewe van die dienaars van die Woord en die gemeente. Hy is in die besonder geroep om saam met die dienaars van die Woord oor die gemeente te regeer. Hy is die persoon wat moet voorkom dat die dienaars van die Woord weer 'n nuwe hiërargie gaan vorm. Die hoë verwagtinge van die reformatore het in die periode na die hervorming tot vandag nog nie ten volle ontplooi nie. Die gesag van die ouderling het in die gemeente gering gebly omdat hy nie die bevoegdheid het om Woord en sakrament te bedien nie, omdat hy oor die algemeen ongeletterd is, net 'n roeping van twee jaar vervul en nie materiële vergoeding ontvang nie.

Nadat die skrywer jonger opvattinge van die ouderlingsamp soos aangetref by R. Boon, Berkhoff en ander kortliks weergegee het, kom hyself met 'n hele aantal aanbevelings.

Volgens die skrywer moet die ampte van die kerk gereduseer word tot twee ampte nl. die van ouderling en diaken. Binne die amp van die ouderling kan daar verdere differensiasie gemaak word, ooreenkomstig die natuurlike behoeftes en verdeling van die gemeente. Die gemeente is van nature verdeel in sekere groepe elkeen met sy eie behoeftes. Ooreenkomstig die besondere behoeftes word elke gemeente in 'n sekere aantal groepe ingedeel. Uit hierdie groepe self kom die leiers wat oudstes genoem word voor. Hierdie oudstes spesialiseer elkeen in sy eie rigting. In sommige gevalle sal die oudste 'n volledige opleiding ontvang. In ander gevalle sal slegs die basiese beginsels geleer word. Hierdie oudstes werk of voltyds of deelyds. Hulle voorregte en werk is almal dieselfde. Hierdie oudstes word nie deur 'n kerkraad of 'n gemeente gekies nie, maar kom feitlik outomaties uit die verskillende groepe op. Hierdie oudstes voer saam die regeringsmag uit wanneer hulle in 'n kerkradsvergadering saamkom. Afvaardiging na 'n meerdere vergadering moet op so 'n wyse geskied dat al die verskillende groepe verteenwoordig is.

„Op deze wijze is de presbijteriaal-geordende kerk in staat het democratiseringsproses, dat zich in de maatschappij voltrekt, te volgen zonder haar structuur geweld aan te doen:” (Bl. 309.) Op hierdie wyse oordeel die skrywer word geleentheid aan die gemeente gegee om self subjek van sy aktiwiteite en regering te wees. Die skrywer se beskouing sal miskien die dors van die moderne mens na demokrasie bevredig, of sy opvatting Skriftuurlik verantwoordbaar is en reformatories geregverdig, is hoogs te betwyfel. Die belangrike skriftuurlik-kerkregtelike beginsel nl. dat 'n „sui generis” monorgale sisteem in die kerk geld, word prysgegee. Christus se regering met sy Woord en Gees word bewaar, maar sy regering deur die ampte word hier prysgegee vir 'n semi-kongregasionalistiese sisteem.

Behalwe die enkele woord van kritiek teen die skrywer se eie beskouings, is dit 'n werk van hoogs wetenskaplike waarde. Elkeen wat belangstel in die kerkreg behoort hierdie boek te lees en tot sy boekery te voeg.

— M. J. du P. Beukes

---

P. A. Elderenbosch, **Jahweh is Onze God**. Uitg. Boekencentrum B.V. 'S-Gravenhage 1973. 143 bls.

Hierdie boek is die tweede in 'n reeks van drie waarin die skrywer poog om die vaste rooster waarvolgens die Ou Testament in die sinagoge gelees is aan die begin van ons jaartelling, weer aktueel vir die huidige dag te maak. Die uitgangspunt van die skrywer is dat die gedeeltes uit die Torah in 'n nuwe lig te staan kom en sy volle betekenis kry wanneer dit (soos in die Oud-Joodse

leesrooster) saam met gedeeltes uit die profeteboeke en psalms gelees word. Dit sou ook nuwe lig op bepaalde gedeeltes in die Nuwe Testament werp. Die boek handel oor Eksodus 12 tot Numeri 6 en die profete- of psalmlesings wat daarby hoort.

In enkele gevalle het die benadering van die skrywer interessante resultate opgelewer. In die meerderheid van die gevalle is dit egter anders: die skrywer maak ongelukkig meestal gebruik van die Oud-Joodse of rabbynse metodes van uitleg in sy bepaling van die boodskap van spesifieke gedeeltes. Hy toon 'n besondere liefde vir die allegoriese of simboliese en ander bedenkbare metodes van uitleg. Dit lei tot resultate wat totaal onaanvaarbaar is. Twee voorbeelde hiervan is die volgende:

1. Wanneer die skrywer praat oor die Israëliete se tog vanaf Raamses na Sukkot (bl. 12) sien hy daarin iets meer as net 'n geografiese mededeling: Raamses versinnebeeld die diens aan die god Ra, terwyl Sukkot (loofhutte) weer tiperend is vir Israel. Verder wys dr. Elderenbosch daarop dat die getalwaarde van Raamses 430 is, terwyl dié van Sukkot 480 is. Hierdie reis word dus (volgens die skrywer) gekwalifiseer deur die getal 50. Dit is die getal van die bowaardse heil (sic!) en verwys ook na die Pinksterfees. Die konklusie is dan dat die liturgiese feeste vir die volk van God die wegwysers is op pad na die ryk van God!

2. By die bepalings oor die vet en bloed van die offerdier in Levitikus 3 (bl. 73) spook die getalwaardes weer by die skrywer. Die getalwaarde van vet is 40 en dié van bloed 44. Albei die getalle sou dan tydruimte en aardse ruimte uitbeeld. Om vet en bloed te eet sou dan beteken om jouself te verloor in die tyd en ruimte of om jou so ver as moontlik in die tyd en ruimte uit te brei! Die geweldige ontwikkeling op tegniese gebied is vir die skrywer 'n illustrasie en voorbeeld hiervan. Vet en bloed (= ekspansiedrif) moet dan nie geëet word nie, maar op die altaar gelê word omdat God alleen daarvan iets positiefs kan maak!

Uit hierdie twee voorbeelde is dit duidelik watter absurde resultate verkry kan word deur op 'n onverantwoordelike wyse die Skrif uit te lê. As die apostel Paulus, wat 'n rabbynse opleiding gehad het byvoorbeeld van 'n allegoriese uitleg gebruik maak in sy brief aan die Galasiërs (4:20-31), beteken dit nie dat óns dieselfde mag doen nie. Ons is nie apostels nie en daar is die wesenlike gevaar dat óns voor- en afkeure in só 'n uitleg baie harder sal spreek as die Woord van God.

Omdat die skrywer in die meerderheid van gevalle 'n willekeurige en onverantwoordelike uitleg aanbied, word die boekie nie aanbeveel nie!

— A. P. B. Breytenbach

Klans Nürnberg, **Sistematiese Teologie**, Teologiese boekreeks nr. 20, Genadendal, 1975. 608 bladsye

Dr. Klans Nürnberg is 'n Lutherse teoloog wat gepromoveer het met 'n proefskrif getitel: „Glaube und Religion bei Karl Barth.“ Hy was dosent in sistematiese teologie en etiek aan die Lutherse teologiese kollege te Mapumulo en is tans direkteur van die missiologiese instituut Mapumulo.

Die styl waarin hy skryf is maklik om te volg en hy bied sy stof op 'n boeiende manier aan. Na die uiterlike geoordeel is hierdie boek ook netjies gebind en op goeie papier gedruk. By die deurlees van die boek is een saak wat opval en ook hinderlik is, die feit dat dit wil voorkom asof die boek taalkundig nie goed versorg is nie. Dit doen beslis afbreuk aan die gehalte van die boek.

Dit is duidelik dat die skrywer 'n intensiewe en deeglike studie van die onderwerp gemaak het. Hy verantwoord hom byvoorbeeld deeglik oor die keuse van die benaming „Sistematiese Teologie“ bo „Dogmatiek“. Verder verantwoord hy hom ook deeglik oor die feit dat sy uitgangspunt verskil van die van die tradisionele dogmatiek. Daar is derhalwe ook veel wat positief gewaardeer kan word in hierdie geskrif wat 'n groot veld van die sistematiese teologie dek en dit ook van toepassing wil maak op die situasie in Suid-Afrika. Alhoewel ek nie met sy uitgangspunt in die behandeling van die sistematiese teologie saamstem nie en ook nie met baie van sy gevolgtrekkings nie, is dit tog te waardeer dat mense hulle op 'n selfstandige wyse met die wetenskaplike beoefening van die teologie besig hou.

In die behandeling van sy onderwerp stel die skrywer dat hy kant gekies het teen 'n spekulatiewe metode vir 'n bestaans-analise (eksistensialisme). Hy doen dit omdat hierdie metode vir hom uitnemende middel is om die onderwerp van die teologie te bestudeer. Hy illustreer dit dan met onder andere die volgende voorbeeld. „As iemand vir my sê: Jy is 'n moordenaar want jy sorg nie dat jou naaste in **krotbeurte** (in plaas van krotbuurte) aan die lewe kan bly nie, dan gebeur daar tog seker iets in my binneste, of dit nou verantwoordiging is, of self-verdediging, of die voorname dat ek nou regtig iets gaan doen, of selfs wanhoop en radeloosheid. Hierdie nie-objektiveerbare ervaring is vir 'n mens die belangrikste, ja selfs die eintlike ervaring. En dit is hier waar ons deur die Woord van God bereik, getref en betrek word.“

Ek kan ten ene male nie instem dat die teologie as wetenskap so beoefen kan word nie. Dit lyk of die gevaar van 'n sisteemdenke wat nie die Skrif nie maar menslike filosofieë laat spreek, hier nie uitgesluit is nie.

Die skrywer gaan verder en stel: „Die teologie kan dit nie langer bekostig om met 'n supra-naturalistiese of rasionalistiese begripstelsel te opereer terwyl die gemeentelid nie weet waarvan hy praat nie.”

Moet die gemeentelid dan vir die teologie sy taak voorskryf of is die kriterium van die teologiese wetenskap die openbaring van God in sy vleesgeworde, geskrewe en gepredikte woord?

Vir die egte reformatoriese teologie was supra-naturalisme, metafisika (of wat 'n mens dit ookal wil noem) ook nooit 'n probleem nie omdat openbaring en geloof nooit vir hulle met die dinge saamgeval het nie. Daar is in 'n sekere sin wel van ontologie by die reformatore sprake, maar dan nie in metafisiese sin nie, maar in die Bybelse sin van openbaring en geloof.

Dit is duidelik dat ons hier met 'n teologie te doen het „van onder” na bo. As gevolg van dié uitgangspunt dan ook die verskillende, na ons oordeel, eienaardige gevolgtrekkings.

'n Mens kan nog verder gaan en sê dat sy oorskatting van die tradisie hinder en dat sy argumente oor die kinder- en volwassedoop nie oortuig nie.

Dit daar gelaat omdat dit reeds duidelik is dat wat metode en konklusie betref, ons op verskillende paaie beweeg.

Dit sal egter goed wees as teoloë in Suid-Afrika die moeite wil doen om die boek krities te lees, want dat dit gedagteprikkelend werk, is beslis waar.

— J. H. Koekemoer

---

Die volgende publikasies is ontvang van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (P.U. vir C.H.O.):

1. B. Duvenage, **Calvyn en die Ekumeniese Roeping van die Kerk**, 20 pp. Prys R0,50.

In hierdie geskrif gee die outeur 'n alfabetiese lys van boeke en artikels oor bogenoemde onderwerp. Die inhoud van elke werk word kortliks bespreek.

2. C. J. H. Venter, **Calvyn en die Herderlike Bediening**, 18 pp. Prys R0,50.

Die opset en indeling van hierdie werkie is dieselfde as dié van nr. 1. Vir die Calvyn-student vorm elkeen van hierdie publikasies 'n nuttige gids.

3. W. P. Robbertse e.a., **Die Energiekrisis in Suid-Afrika**, 69 pp. Prys R1,50.

Vyf dosente aan die P.U. vir C.H.O. lewer elk 'n bydrae om die energiekrisis, waarby ook ons land ten nouste betrokke is, van verskillende kante te belig. 'n Insiggewende brosjure.

4. P. J. J. S. Potgieter, **L. J. du Plessis as denker oor Staat en Politiek**, 271 pp. Prys R3.50.

Die skrywer behandel in hierdie boek heelwat meer as wat die titel mens laat vermoed. In die loop van die werk gee hy 'n taamlik uitvoerige beskrywing van prof. Du Plessis en hy teken ook sy bydrae as akademikus, kerkman, politikus en sakeman in die Afrikaanse volkslewe. Vir almal wat meer van hierdie interessante (en later ook omstrede) figuur wil weet, bied die werk waardevolle inligting.

— P. G. Geertsema